Cambridge IGCSE

**Cambridge Assessment International Education**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **October/November 2018**

TRANSCRIPT

**Approx. 35–45 minutes**

This document consists of **8** printed pages.

© UCLES 2018

Cambridge Assessment International Education

**[Turn over**

https://xtremepape.rs/

E This is the Cambridge International Examinations, International General Certificate of Secondary Education in Afrikaans as a Second Language. Syllabus 0548, Paper 2 Listening, November 2018.

Instructions to candidates
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

There are instructions about how to answer the questions above each item on the question paper. You need not write in full sentences. Dictionaries are not permitted.

Before each recorded item is played, time is allowed for reading the instructions and studying the questions. All items are heard twice. You may take notes and write your answers at any time during the test.

The number of marks is given in brackets at the end of each question or part question.

A signal is used to introduce each item.

PAUSE 00’05’’

SIGNAL

M **Oefening 1**

Luister na ’n praatjie waarin die spreker vertel hoe twee mans ’n ander motoris se lewe gered het.

Beantwoord die vrae deur ’n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie te maak om aan te dui of die stelling **waar** of **onwaar** is.

Jy sal die praatjie twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

V Dit is ’n verhaal wat mense hopelik twee keer sal laat dink as hulle ’n ander motoris sien wat in lewensgevaar verkeer. Charles Adams van Bellville was een van twee mans wat Vrydagaand 4 Maart ’n bewustelose man uit ’n voertuig gered het. Hy was in sy wit Volkswagen Polo op pad huis toe, toe hy sien hoe ’n rooi motor teen ’n lamppaal langs die pad vasry. Die bestuurder het beheer oor die voertuig verloor. Charles en ’n ander motoris, Dawid Botha van Durbanville, het dadelik by die toneel gestop toe hulle die ongeluk sien gebeur. Saam het hulle die bewustelose bestuurder, Sam Selani, uit sy motor gesleep, enkele oomblikke voordat sy Toyota Corolla aan die brand geslaan het.

PAUSE 00’05’’

Charles vertel dat sy driejarige seun, Daniël, in sy stoeltjie op die agterste sitplek vas aan die slaap gesit het, maar hy sê hy het net geweet hy moet gaan help. Hy het sy beursie en motorsleutels in sy motor gelos en uitgespring, sonder om te huiwer.

© UCLES 2018 

https://xtremepape.rs/

Daniël het deur die hele drama geslaap en nie gesien hoe sy pa ’n heldedaad verrig nie. Toe hy die aand by die huis kom, het Charles se vrou vir hom gesê hoe gevaarlik dit was, want iemand kon met hul seun in die motor weggery het.

Dawid Botha se vrou was saam met hom in sy motor. Hy en Charles het mekaar nie geken nie, maar Dawid sê hy het ook nie getwyfel oor wat hy doen nie. “Ek wou maar net die man uit die motor sleep, anders sou hy die ongeluk nie oorleef het nie,” het hy later gesê.

PAUSE 00’05’’

Charles en Dawid het in daardie stadium ook nie geweet wat die persoon wat hulle gered het se naam is nie. Kort nadat hulle Sam uit die motor getrek het, het ’n dokter en paramedikus wat toevallig verby die toneel gery het, ook gestop om te help.

Sam se ma, Nocawe, het gesê haar seun is buite gevaar in die Nuwe Horisonne-hospitaal. Sy linkerarm is op vier plekke gebreek. Wonderbaarlik het hy ook geen ander beserings opgedoen nie. Hy het Saterdag ’n operasie aan die arm ondergaan en sal nog sowat vyf dae in die hospitaal moet bly. Hy is by sy volle bewussyn, maar kan niks van die ongeluk onthou nie.

“Ek het Charles en Dawid gebel om hulle te bedank,” het Nocawe gesê. “Wat hulle gedoen het, wys dat daar nog goeie mense in die wêreld is.”

Die twee helde het Dinsdagmiddag saam vir Sam in die hospitaal gaan kuier.**

PAUSE 00’05’’

M Jy sal die verslag nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

SIGNAL

V **Oefening 2**

Luister na ’n gesprek tussen Thandi, ’n radio-omroeper, en Michael Smith, ’n passievolle fietsryer.

Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, **A**, **B**, **C** of **D** te kies en ’n regmerkie (✓) in die blokkie langs jou keuse te maak.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00

* SIGNAL

V Welkom in die ateljee, Michael. Vertel ons asseblief van jou onlangse fietstog deur Lesotho.

M Middag, Thandi. Ek is só passievol oor bergfietsry dat ek graag daaroor praat.

V Hoekom het jy ons buurland Lesotho gekies vir jou fietstog?



https://xtremepape.rs/

M Lesotho staan bekend as die Bergkoninkryk en ek hou baie daarvan om rustig teen ŉ bergpas op te ry en aan die ander kant af te jaag; dus het ek besluit om in Julie die oostelike, bergagtige dele van hierdie land te verken.

PAUSE 00'05''

V Waar het jou fietstog begin?

M Ek het by Ladysmith in KwaZulu-Natal begin en die pad al langs die voet van die Drakensberge tot by die Sanipas gevolg. Die roete tot by die bopunt van die Sanipas is baie steil en het baie klimwerk vereis. My ou, swaar fiets weeg 38 kg en ek het ook waterdigte sneeuklere en bergklimskoene met my saamgery. Na vier dae was ek in Lesotho, maar ek het geweet die ergste bergpasse kom nog. Die eerste aand daar het ek egter in ŉ blyplek vir rugsakreisigers geslaap en vir die eerste keer in dae lekker gestort.

V Hoe het die volgende dag verloop?

M Die pad het dadelik weer begin klim tot ek 3 275 meter bo seevlak was. Ek was die aand doodmoeg en het dadelik kamp opgeslaan. Daardie nag het die temperatuur in my tent tot –10° gedaal.

V Het jy ŉ daaglikse roetine gehad?

M Ek het soggens tot sewe-uur in my warm slaapsak gelê, dan ontbyt geëet en teen nege-uur was ek gereed vir die dag. Dit was toe nie bedags so koud soos ek verwag het nie. Teen eenuur het ek gestop vir middagete en daarna het ek nog ŉ paar uur getrap tot vyfuur wanneer ek tent opgeslaan het. My gemiddelde daaglikse afstand was sowat 80 km. Party dae was baie eensaam en ander was fantasties, omdat ek soveel interessante karakters langs die pad ontmoet het.

PAUSE 00'10''

V Wat het vir jou uitgestaan van die ervaring?

M Die mense van Lesotho se vriendelikheid. As ek net langs die pad gestaan het om te rus, het iemand my kom vra of alles nog reg is.

V Wat het jy geëet?

M Ontbyt was kitspap en middagete beskuitjies en kaas. Die kaas is vol proteïne en vet vir energie; dus het ek ŉ groot blok saamgery. Saans was dit kitspasta en sous. Ek kon ook langs die pad sjokolade koop.

PAUSE 00'05''

V Het jy ooit teenspoed gekry?

M Die rak van my fiets het afgebreek en al my goed het in die pad uitgeval. Ek kry toe ŉ saamrygeleentheid en kon die fiets laat regmaak. Daarna het ek grenspos toe gery, en terug in Suid-Afrika was dit maklike teerpad verder.

V Dit klink na ŉ wonderlike ondervinding. Jy het seker reeds die bietjie swaarkry vergeet en sal die vriendelike mense van Lesotho altyd onthou. **

PAUSE 00'05''

M Jy sal die gesprek nou weer ŉ keer hoor.



https://xtremepape.rs/

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

SIGNAL

M **Oefening 3**

Luister na ’n gesprek tussen Moloto, ’n graad 11-leerder, en Sandra, ’n seewetenskaplike.

Maak kort aantekeninge oor die gesprek in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

V Hallo, Moloto. In jou e-pos het jy gesê jy wil graag meer weet van die ysberge wat op sommige dele van die aarde voorkom en saam met die seestrome beweeg. Ons kan praat oor hoe hulle ontstaan en hoekom mense oor hulle navorsing doen.

M Ja, Sandra, dié reuseblokke ys wat in sommige oseane ronddryf, fassineer my. Ek het al baie daaroor gelees, maar nog nooit met ’n kenner van die see gesels nie. Ons leer in aardrykskunde van die oseane en ek wil graag eendag ’n oseanograaf word. Vertel my asseblief heel eerste: Waar kom ysberge voor?

V Ysberge kom veral naby Antarktika en in die Noord-Atlantiese Oseaan voor. Hulle is massiewe stukke drywende ys wat afgebreek het van groot ysmassas, soos gletsers en ysbanke, en daarna in oop water ronddryf. Soms breek die ysberge teen die kus in kleiner stukke. As hulle in warmer water beland, begin ysberge smelt. Dan breek hulle verder op.

M Hoe groot moet ’n stuk ys wees om as ysberg geklassifiseer te word?

V Die hoogte van die stuk ys moet meer as 5 meter bo seevlak wees. Dit moet 30 tot 50 meter dik wees en moet ook ’n oppervlakte van 500 vierkante meter beslaan. Stukke ys wat kleiner as dit is, kan ook gevaarlik wees vir skepe omdat dit moeiliker is om hulle raak te sien. Soos jy weet, is die deel van ’n ysberg wat onder die water is, baie groter as die stuk wat bo uitsteek. Soms steek hulle minder as 1 meter bo die water uit.

PAUSE 00’10’’

M Ek kan sien ysberge is fassinerend, maar kan ook gevaarlik wees.

V Ja, ysberge hou ’n gevaar in vir skepe wat die Noord-Atlantiese Oseaan en die waters rondom Antarktika deurkruis. In 1912 het dertien lande die Internasionale Yspatrollie gestig om skepe teen ysberge in die Noord-Atlantiese Oseaan te waarsku. Hulle gee dan inligting oor ystoestande in die gebied. Die patrollie gebruik vliegtuie en radar om ysberge op te spoor wanneer die berge in die skepe se vaarwater beland.

M Op watter ander maniere word ysberge gemonitor?



https://xtremepape.rs/

V Die Amerikaanse Nasionale Yssentrum monitor ysberge met behulp van satelliete. Hulle verskaf onder andere voorspellings van ystoestande. Hulle is die enigste organisasie wat alle Antarktiese ysberge name gee en hulle deurgaans dophou. Hulle volg egter net ysberge wat groter as 500 vk. km is.

M Het ysberge verskillende vorms of lyk almal dieselfde?

V Die vorm van ysberge kan verskil. Party se bokante is rond. Ander het uitsteeksels aan die bokant, amper soos ’n pynappel. Party lyk soos ’n brug, met twee dele wat onder die water én bo die water aan mekaar verbind is. ’n Vierde soort ysberg lyk soos ’n blok ys met steil kante.

PAUSE 00’10’’

M Is ysberge ook vir wetenskaplikes nuttig?

V Ja, ysberge is vir wetenskaplikes belangrik. Oseanograwe volg ysberge omdat hulle koue water in die see vrystel. Dit kan seestrome en die lewe in oseane beïnvloed. Ons bestudeer ysberge ook om meer te leer van die klimaat.

M Ek het gelees dat ysberge voedingstowwe in die see vrylaat vir lewende wesens.

V Dit is waar. In die water rondom ysberge is daar baie plankton, vis en ander seelewe.

M Baie dankie, Sandra. Ek is nou in graad 11 en hoop dat ek teen die einde van graad 12 sal weet of ek oseanografie as loopbaan moet kies.

V Ek hoop jy sal jou belangstelling volhou en eendag ’n kenner word van die oseane. Dan kan jy op jou beurt ander mense daarvan leer. **

PAUSE 00’10’’

M Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

SIGNAL

V **Oefening 4**

Luister na ’n gesprek tussen Anwar Singh, ’n student in die handelswetenskappe, en Maria Makwala, ’n besigheidsvrou.

Beantwoord die vrae in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’30’’

* SIGNAL

M Goeiemôre, Maria. Jy het só ’n suksesvolle besigheid. Ek is verbaas dat jy tyd het om met my te gesels.

© UCLES 2018


https://xtremepape.rs/

V Maandagoggende werk ek nie; daarom is jy baie welkom. Ek moet vandag eers twee-uur by my eerste vierbeenkliënt wees.

M Die trefreël in jou advertensie is: “Ek sny nie net honde se hare en naels nie – ek gee hulle liefde”. Is dit hoe jy oor honde voel?

V Ja, ek is mal oor my werk. Ek het tien jaar by ’n hondesalon gewerk en is regtig lief vir honde.

M Hoekom het jy besluit om die diens wat hondesalonne lewer, by mense se huise te verskaf?

V Ek het by die hondesalon alles van die was en sny van honde se hare geleer. Tydens my jare daar het ek besef daar is ’n tekort in die mark. Baie mense word te oud en kan nie meer hul honde na die hondesalon bring nie. Daar is ook mense wat heeldag werk en te besig is om hul hond na die salon te bring en te kom haal.

PAUSE 00’10’’

M Was dit aan die begin moeilik om sonder ’n salaris klaar te kom?

V Ek het goed gedink voordat ek uit my vorige werk bedank het en geld gespaar sodat ek die eerste ruk in my behoeftes kon voorsien. Maar ek het dadelik begin adverteer en gou begin werk kry.

M Wat is jou grootste uitgawes?

V Dit kos nogal baie om my knippers en lemme skerp en in ’n goeie toestand te hou. Ek koop ook die sjampoe wat ek gebruik in grootmaat; dan is dit goedkoper.

M Wat is vir jou die lekkerste deel van jou werk en waarvan hou jy nie?

V Ek hou baie van hare sny, seker omdat ek goed is daarin en dit baie geniet om met honde te werk. Van was hou ek nie eintlik nie. Ek wil nou iemand aanstel wat die honde kan was.

M Het jy planne vir die toekoms?

V Ek wil graag my rybewys kry en ’n voertuig aanskaf. Dan sal ek meer honde op ’n dag kan versorg. Hopelik sal dit vanjaar kan gebeur. Op die oomblik gebruik ek openbare vervoer, soos busse, treine en taxi’s. Die ryery neem baie tyd in beslag. Ek kan gewoonlik sowat vyf honde per dag doen. Ek wil die getal graag verdubbel.

PAUSE 00’10’’

M Op die oomblik het jy nog nie werknemers nie, maar jy sê jy wil binnekort iemand aanstel om te help. Watter eienskappe soek jy in ’n werknemer?

V Vir my is dit belangrik dat die persoon net soveel soos ek van honde moet hou. Die persoon sal moet weet hoe om honde te was en hul hare te sny, maar ek sal eers self al die snywerk doen. Ek wil seker wees dat ’n hond nie dalk seerkry nie. My werknemer sal dus aan die begin net ’n wasser wees.

M Het ’n hond wat jy moes versorg jou al gebyt?

V Nee, nog nooit nie. Honde voel aan dat ek lief is vir hulle. Hulle vertrou my. Ek sorg ook dat hulle rustig is voordat ek begin.

M Baie dankie, Maria. My suster se hondjie het gereeld versorging nodig. Sy is baie besig en ek dink sy sal jou diens graag wil gebruik. **

© UCLES 2018


https://xtremepape.rs/

PAUSE 00’10’’

V Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’30’’

SIGNAL

M Dit is die einde van die toets.

E This is the end of the examination.

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.



https://xtremepape.rs/